



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

EKONOMIE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae
2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van die vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.7 B.

1.1.1 As die marginale spaargeneigtheid (msg) 0,2 is in 'n twee-sektor-model, sal die marginale verbruiksgeneigtheid ... wees.

- A 8
- B 0,2
- C 0,8
- D 0,4

1.1.2 Sakesiklus wat deur veranderinge in konstruksie-aktiwiteite veroorsaak word, wat 15 tot 20 jaar duur, word ... -siklusse genoem.

- A Kitchin
- B Juglar
- C Kuznets
- D Kondratieff

1.1.3 Die verantwoordelikheid om effektiewe dienslewering en die daaglikse bestuur van stede en dorpe te verseker, berus by die ... regering.

- A plaaslike
- B provinsiale
- C sentrale
- D nasionale

1.1.4 Die toenemende verbintenis en interaksie tussen verskillende lande, besighede en die mense deur handel word ... genoem.

- A betalingsbalans
- B globalisasie
- C internasionale handel
- D handelsbalans

1.1.5 Nuutgestigte besighede wat steeds beskerming nodig, word ... nywerhede genoem.

- A suigeling-
- B strategiese
- C krimpende
- D mededigend

- 1.1.6 Die groei en ontwikkelingsbeleid wat daarop gemik is om armoede uit te skakel en ongelykheid teen 2030 te verminder, staan as die ... bekend.
- A ASGISA
 - B GEAR
 - C HOP
 - D NOP
- 1.1.7 'n Stuk grond wat 'n deurgangspoort vorm wat toegang van een gebied na 'n ander toelaat om streeksontwikkeling te bevorder, staan as ... bekend.
- A ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe
 - B korridor
 - C spesiale ekonomiese sone
 - D nywerheidsontwikkelingssone
- 1.1.8 Banknote en muntstukke in omloop en aanvraag deposito's in die banksektor, word as ... geldvoorraad geklassifiseer.
- A M4
 - B M3
 - C M2
 - D M1
- (8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Geslote ekonomie	A	'n situasie waar niemand beter daaraan toe kan wees sonder om iemand anders slegter daaraan toe te laat nie
1.2.2	Ope-mark transaksies	B	koop van en verkoop aan ander lande
1.2.3	Pareto-doeltreffendheid	C	gebruik om die betalingsbalans-ongelykheid wat deur lande ervaar word, te finansier
1.2.4	Spesiale Trekkings-regte	D	statistiese data wat gebruik word om die prestasie van die ekonomie te meet
1.2.5	Handels-liberalisering	E	koordineer regeringsaksies om die mededingendheid van Suid-Afrikaanse besighede te verhoog
1.2.6	Uitgebreide Openbare Werke-program	F	alle goedere en dienste word binnelands vervaardig en verbruik
1.2.7	Geïntegreerde Vervaardiging-strategie	G	landwyse regeringsingryping om werk te skep deur middel van arbeidsintensiewe metodes
1.2.8	Ekonomiese aanwyser	H	die koop en verkoop van staatseffekte deur die sentrale bank om die geldvoorraad te beheer
		I	verwydering of vermindering van hindernisse op invoere en uitvoere om internasionale handel te bevorder

(8 x 1)

(8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

- 1.3.1 Die besteding deur huishoudings wat plaasvind ongeag die inkomstevlakke
- 1.3.2 Verwys na verandering in belasting en owerheidsbesteding om die vlak van ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed
- 1.3.3 'n Dokument wat verwagte inkomste en beplande uitgawes vir die fiskale jaar toon
- 1.3.4 'n Wisselkoersstelsel waar die waarde van die geldeenheid geheel en al deur markkragte bepaal word
- 1.3.5 Die proses om die lewenstandaard en welstand van 'n land se bevolking te verbeter
- 1.3.6 Die aantal werkende mense uitgedruk as 'n persentasie van die ekonomies aktiewe bevolking (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE effekte van internasionale handel. (2)

2.1.2 Waarom word 'n residuele item ingesluit wanneer die BBP met die bestedingsmetode bereken word? (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MAKRO-EKONOMIESE OBJEKTIEWE VAN DIE STAAT

Suid-Afrika se ekonomiese groei bly laag, gemiddeld onder 2% met 'n verwagte groei van 1,5–2% in die BBP in 2026. Werkloosheid bly baie hoog teen ongeveer 32%, met jeugwerkloosheid baie hoër, wat toon dat Suid-Afrika nog ver is om volle indiensneming te bereik.

Aan die positiewe kant is inflasie relatief goed beheer en dit bly binne die SARB teikenband. Oor die algemeen het Suid-Afrika prysstabiliteit meer suksesvol bereik as ekonomiese groei en werkverskaffing, wat 'n belangrike makro-ekonomiese wanbalans uitlig.

[Aangepas uit The United Nations in Suid Afrika, SARB, Reuters.com, Januarie 2026]

2.2.1 Identifiseer die makro-ekonomiese doelwit wat verband hou met produksie uit die uittreksel hierbo. (1)


2.2.2 Noem die nuwe inflasie teiken wat deur die SARB aangeneem is om prysstabiliteit te handhaaf. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *volle indiensneming*. (2)

2.2.4 Verduidelik hoe rentekoerse gebruik word om inflasie te stabiliseer. (2)

2.2.5 Hoe kan die regering ekonomiese billikheid in Suid-Afrika verbeter? (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit tradingeconomics.com | South African Reserve Bank]

- 2.3.1 Vanaf die grafiek hierbo, identifiseer die ruilvoet wat in die derde kwartaal (K3) van 2025 aangeteken is. (1)
- 2.3.2 Gee die konsep wat na die koop van goedere en dienste van ander lande verwys. (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *ruilvoet*. (2)
- 2.3.4 Verduidelik die rede vir die berekening van die ruilvoet. (2)
- 2.3.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) 'n betalingsbalanstekort verminder? (4)
- 2.4 Verduidelik die vermenigvuldiger effek met behulp van 'n goed benoemde grafiek. (8)
- 2.5 Analiseer die impak van 'n rand herwaardering op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.


3.1.1 Noem TWEE industriële ontwikkelingsstrategieë in Suid-Afrika.

(2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe word verbruikers in die invoerland deur storting geraak?

(1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae volg.



[Aangepas uit google images/economic concepts]

3.2.1 Identifiseer die prentjie wat verband hou met invoervervanging. (1)

3.2.2 Noem die handelsbeleid wat besighede aanmoedig om goedere en dienste aan ander lande te verkoop. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *gewenste mengsel*. (2)

3.2.4 Watter rol speel die Werêldhandelsorganisasie in die ondersteuning van vryhandel? (2)

3.2.5 Hoe dra beskerming tot industriële ontwikkeling by? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VOORDELE VAN BEDRYWIGHEDE BINNE 'N SES

Die Spesiale Ekonomiese Sone-program in Suid-Afrika het ten doel om gebalanseerde streeksontwikkeling te bevorder en streekseksonomieë te versterk. Die Oos-Londense NOS is een van die operasionele SES's wat gevorm is deur die oorgang van NOS's onder nuwe wetgewing. Om binne 'n SES te bedryf, bied voordele soos aansporings wat ekonomiese groei bevorder, werksgeleenthede te skep en meer buitelandse beleggings te lok.

[Bron: East London IDZ official website/www.elidz.co.za]

- | | | |
|-------|--|-------------|
| 3.3.1 | Identifiseer uit die uittreksel hierbo die rede waarom die regering aansporings aan besighede bied. | (1) |
| 3.3.2 | Noem die belangrike bedryf wat in Oos-London NOS voorkom. | (1) |
| 3.3.3 | Verduidelik kortliks die term <i>streeksontwikkeling</i> . | (2) |
| 3.3.4 | Waarom is die Spesiale Ekonomiese Sone-program beter as die Nywerheidsontwikkelingsone? | (2) |
| 3.3.5 | Hoe kan die vaardigingsondersteuningprogram help om industriële ontwikkeling te bevorder? | (4) |
| 3.4 | Bespreek kortliks progressiewe persoonlike inkomstebelasting en natuurlike voordele as vraagkantbenaderings in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika. | (2 x 4) (8) |
| 3.5 | Hoe kan Suid-Afrika voordeel trek uit vryhandel? | (4 x 2) (8) |
| | | [40] |

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE bronne van staatsinkomste. (2)

4.1.2 Hoe bevorder Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) industriële ontwikkeling? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SIRKULÊRE VLOEI VAN INKOMSTE

Huishoudings verskaf arbeid aan firmas in die faktormark en ontvang lone as inkomste. Firms produseer goedere en dienste wat aan huishoudings in die goedere mark verkoop word.

Sommige huishoudings se inkomste word gespaar en aan die regering betaal in die vorm van belasting of aan ingevoerde goedere bestee. Firms belê in nuwe kapitaaltoerusting, die regering verskaf openbare dienste, en produsente verdien inkomste deur goedere vir die buiteland te verkoop.

[Aangepas uit Mankiw, N. Gregory. Principles of Economics]

4.2.1 Identifiseer uit die uittreksel hierbo die mark waar hulpbronne aan firma's verskaf word. (1)


4.2.2 Noem die inspuiting wat plaasvind wanneer 'n land goedere aan ander lande verkoop. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *reële vloei*. (2)

4.2.4 Verduidelik die effek van besparings op die sirkulêre vloei in 'n ekonomie. (2)

4.2.5 Hoe dra huishoudings tot die Suid-Afrikaanse ekonomie by? (4)

4.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.3.1 Identifiseer EEN uitdaging van globalisering wat in die artikel hierbo genoem word. (1)
- 4.3.2 Gee enige rede vir die swak ekonomiese toestand van lande in die Suid. (1)
- 4.3.3 Verduidelik kortliks die term *Noord-Suid-verdeling*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik die negatiewe effek van massaproduksie op die omgewing. (2)
- 4.3.5 Hoe verskil die lewensstandaard in die Noorde van die Suid in terme van lewensverwagting en opvoeding? (2 x 2) (4)
- 4.4 Bespreek die noodsaaklikheid van die openbare sektor in die ekonomie. (8)
- 4.5 Hoe kan vennootskap en goeie bestuur as maatstafkriteria vir streeksontwikkeling gebruik word? (2 x 4) (8)

TOTAAL AFDELING B: 40

